

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)



AANVULLENDE SAKELYS

vir die

TIENDE SINODE

gehou te Pretoria

3 – 8 September 2001

VERTROULIK

Die inhoud van hierdie dokument word nie bekend gemaak voordat die sinode oor sake daarin besluit het nie.

INHOUDSOPGAWE

AANVULLENDE VERSLAG: SKK	375
VERSLAG: AD HOC-KOMMISSIE VIR ADVIES EN LEIDING	379
AANVULLENDE VERSLAG: FINANSIËLE KOMMISSIE	381
KURATORIUMVERSLAG: BYLAE KUR 1	397

10DE SINODE 2001 (3 - 8 September 2001)

AANVULLENDE SAKELYS

(BLADSYNOMMERS VOLG OP SAKELYS)

AANVULLENDE VERSLAG: SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK)

1. VERGADERINGS

Die SKK het in die tydperk twee gewone vergaderings gehou, wat die totaal vir die tydperk sedert die vorige sinode op 15 te staan bring. Daarbenewens het nog 'n vergadering te Potchefstroom op 28 Augustus plaasgevind waar samesprekings met deputate van die GKSA gevoer is.

2. FREKWENSIE VAN SINODES

2.1 AANBEVELING

Die volgende sinode vergader gedurende 2004, en daaropvolgende sinodes elke derde jaar.

3. SAMESPREKINGS MET MINISTER VAN NASIONALE OPVOEDING

Op grond van 'n uitnodiging aan die SKK deur minister K Asmal het proff. IA Brink, R Maré en dr. HJ Smith (redakteur van *Die Boodskapper*) saam met verteenwoordigers van die NG Kerk, die NH Kerk van Afrika, die Reformed Church of Africa en die Verenigende Gereformeerde Kerk met die minister samesprekings gevoer op 22 Augustus 2001.

Die minister het die vergadering ingelig oor wat verwag kan word t.o.v. godsdiensoonderrig op skole. Alhoewel hy die vergadering as konsultasie met kerke beskryf, is dit bloot kennisgewing van wat reeds besluit is.

Die verteenwoordigers van die AP Kerk het hulle standpunt gestel, al was dit eensame stemme in stryd met die minister se aankondigings.

AANBEVELING

3.1 Die sinode dra dit aan die SKK op om voor 12 Oktober 2001 op die voorgestelde wysigings kommentaar te lewer in samewerking met die Kommissie vir Onderwys en Opvoeding.

4. BEDIENING IN RING VAN SUIDKUS

Op uitnodiging van die ring van Suidkus het lede van die SKK op 24 Augustus 2001 te Durban verteenwoordigers van die kerkrade in die ring ontmoet. Uit die samesprekings het onder meer geblyk dat die gemeente Zululand twee ander gemeentes, nl. Hluhluwe en Richardsbaai swaar gesubsidieer het oor die afgelope paar jaar, deurdadig hulle leraar, ds. G Venter in 'n bedieningsooreenkoms tot beskikking van die twee gemeentes gestel is, maar sonder behoorlike vergoeding daarvoor. In die proses het Zululand agterstallig geraak met hulle 15% bydraes. In die lig van die besondere omstandighede het die SKK vrymoedigheid om die versoek van AP Kerk Zululand om afskrywing van die agterstallige bedrag te steun.

AANBEVELING

4.1 Die sinode verwys die aansoek van AP Kerk Zululand om afskrywing van die agterstallige 15% bydraes ten bedrae van R60809 na die Tydelike Kommissie vir Finansies om die sinode met 'n aanbeveling te dien.

5. STATISTIEKE


Sedert die vorige verslag het die personeel van die Sentrale Kerkkantoor gegewens vir die Kerkjaarboek van 2002 ingesamel (statistiek soos op 30 Junie 2001), en voortvloeiend daaruit is die onderstaande grafieke opgestel. Die eerste grafiek dui die negatiewe groei vir elke provinsie aan in die totale lidmatetal (met ander woorde doop- en belydende lidmate) oor die afgelope vier jaar.

Die tweede grafiek bevat die statistiek vir die hele kerkverband oor die afgelope vier jaar, asook 'n projeksie vir die volgende vier jaar. Daarvolgens wil dit voorkom asof die getalle in 2005 soos volg sal wees, indien die dalende tendens voortduur: Belydende lidmate: 36000; dooplidmate: 1000; Totaal: 46000.


Die derde grafiek bied 'n vergelyking oor die groei van vier Afrikaanse kerke oor die jare 1996-2000 (met dank aan die rekenmeester, mnr Gys Janse van Rensburg, wat die syfers van die kerke bekom het).

(Die daling in die getal lidmate van die Afrikaanse Kerke is steeds minder as die daling by Europese kerke. 'n Koerant van 28/8/2001 berig: *Die lidmaatskap van die 'hoofstroom'-kerke in Europa neem jaarliks met gemiddeld 8% af*.)


Getallegroei volgens provinsies 1998-2001



Projeksie 1998-2005



Groeivergelyking tussen Afrikaanse Kerke 1996-2000



Hiervolgens blyk dit dat by al die kerke tussen 1996 en 2000 'n verlies van lidmate voorgekom het, soos volg: NG KERK: 41000; NH KERK: 13812; GKSA; 7601; AP KERK; 459.

Die syfers van die ander kerke is nie beskikbaar vir die jaar 2001 nie, maar die AP Kerk s'n wel. Daarvolgens is daar 'n verlies van 1646 lidmate tussen die jare 2000 en 2001. Dié verskynsel is kommerwekkend, maar wat veel meer kommer wek, is dat die AP Kerk nie 'n groter oes aan Christen Afrikaners het wat wel by ons tuishoort nie.

6. GESPREKKE MET ANDER KERKE

6.1 Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA)

'n Verdere gesprek met die GKSA het op 28 Augustus 2001 te Potchefstroom plaasgevind. Die gesprek het gehandel oor voortgesette deelname van die AP Kerk aan die Konvent van Reformatoriese Kerke, 'n besprekingsdokument onder die titel *Ons onderlinge roeping jeens mekaar in die lig daarvan dat die Kerk een en ekumenies is*, standpunte oor afwykende Skrifbeskouing, lotery en dobbelary, homoseksueles en voorhuwelikse saamwoon, die karakter van Geloftedag, lastering oor Radio 702, onderwysaangeleenthede, belasting op kerke, 'n nuwe Afrikaanse Bybelvertaling en die aanvra van 'n duidelike uitspraak van die regering i.v.m. grond- en eiendomsbesit in die RSA.

T.o.v. die besprekingsdokument het skerp verskille t.o.v. uitgangspunte, beklemtoninge en die einddoel na vore gekom. T.o.v. die etiese aangeleenthede blyk dit dat die kerke 'n doeltreffender getuienis kan lewer d.m.v. die Konvent van Reformatoriese kerke.

AANBEVELING

6.1.1 Die sinode besluit dat die AP Kerk voortaan weer as volle stemgeregtigde lid aan die Konvent van Reformatoriese kerke deelneem.

6.2 Gemeente van De Deur ('n Vrye Gereformeerde Kerk)

Die SKK het op 27 Augustus 2001 'n gesprek gevoer met ds. Gert van Heerden en ouderlinge Jacobs en Fourie van dié kerk. Benewens die onderhoud het die SKK ook insae gehad in die konstitusie en ander dokumente van die kerk.

AANBEVELINGS

6.2.1 Die sinode erken Gemeente van De Deur ('n Vrye Gereformeerde Kerk) as 'n gereformeerde kerk.

6.2.2 Die sinode dra dit aan sy SKK op om gesprek met dié kerk op gereelde basis voort te sit.

6.2.3 Die sinode erken die doop, sertifikate, attestate en ander ter saaklike dokumente van die Gemeente De Deur.

6.2.4 Die sinode keur dit goed dat kanselruiling tussen leraars van die AP Kerk en die Gemeente De Deur kan plaasvind waar kerkrade dit verlang.

7. HULP AAN KLEINER GEMEENTES

AANBEVELINGS

7.1 Die sinode bring weereens die volgende besluite van die sinode van 1995 onder aandaag van kerkrade en leraars:

- a. Die sinode versoek kerkrade wat vir kortere tydperke pastorale versorging benodig omdat hulle nie oor die gereelde dienste van 'n leraar beskik nie, om met die kantoor van die Direkteur van Kerkadministrasie te skakel.
- b. Die sinode versoek leraars wat in oorleg met hulle kerkrade vir kortere tydperke dienste kan lewer aan gemeentes wat die gereelde diens van 'n leraar moet ontbeer, om die inligting aan die kantoor van die Direkteur van Kerkadministrasie te besorg.

7.2 Die sinode van 2001 versoek kerkrade wat hulle leraars op dié wyse beskikbaar stel, om nie dié verlof van die leraar se vakansieverlof of langverlof af te trek nie, en

steeds sy normale traktament en ander toelaes aan hom te betaal. Die sinode beveel aan dat die kerkraad die saak sien as liefdeshulp wat hulle op hierdie wyse aan 'n kleiner gemeente met bedieningsnood verleen, en dat hulle dus ook nie vergoeding verlang van die gemeente aan wie hulle 'n leraar beskikbaar stel nie.

8. MOTORVERVANGINGSFONDS VIR SKK

Die SKK vergoed kommissielede se reiskoste i.v.m. kommissiewerk tans deur middel van 'n reistoelae of die beskikbaarstelling van 'n motor. Die SKK beskik oor 'n 1995 VW Golf motor wat reeds 77 000 kilometer afgelê het. Die motor is ook gebruik vir besoeke namens die ad hoc-kommissie vir advies en leiding en vir die sinodereëlins.

Wanneer die kilometerlesing van motors hoog raak, neem die koste vir versiening toe in verhouding met die toename in kilometers. Die risiko vir 'n motorongeluk in 'n motor met 'n hoë kilometerlesing is aansienlik groter aangesien hierdie voertuig merendeels gebruik word oor lang afstande.

Daar bestaan tans geen fonds vir die SKK se toekomstige vervanging van voertuie nie. Die gedagte het ontstaan om die gedeelte van die begroting wat begroot is vir *reiskoste: vergaderings*, nadat die werklike uitgawes verreken is, na 'n fonds vir die vervanging van SKK voertuie oor te dra.

Gevolgtrek word hierdie gedeelte oor die afgelope vyf jaar aan u voorgehou, te wete -

	<u>Begroot</u>	<u>Werklik</u>	<u>Verskil</u>
1996:	R35,000	R18,290	R16,710
1997:	R20,000	R21,790	R -1,790
1998:	R20,000	R22,413	R -2,413
1999:	R20,000	R23,116	R -3,116
2000:	R22,000	R10,157	<u>R 11,843</u>
			<u>R 21,234</u>
			=====

- Die onaangewende gedeelte van die begroting vir die afgelope vyf jaar beloop R21,234.

8.1 AANBEVELING

Die sinode besluit dat 'n motorvervangingsfonds geskep word uit die onbenutte reiskoste van die SKK tussen 1996 en 2000, en dat die fonds jaarliks met die ongebruikte reiskoste wat vir die werk van die SKK begroot is, kan groei.

9. Die SKK vertrou dat die sinode die duidelike leiding van die Heilige Gees sal ervaar in al sy besluite.

Wg. PROF. IA BRINK (Voorsitter)

DS. MC ADENDORFF (Skriba)

VERSLAG: AD HOC-KOMMISSIE VIR ADVIES EN LEIDING Tydperk: September 1999 - September 2001

1. PERSONEEL

Die voorsitter van die SKK
Die voorsitter van die KKS
Die voorsitter van die Kuratorium
Die Direkteur van Kerkadministrasie

2. OPDRAG (Hand. 1997, bl. 267, 47)

Wanneer daar enigsins 'n moontlikheid van hofgedinge hom voordoene of waar daar konflikte en/of twisgesprekke voorkom wat nie spoedig tot 'n beuredigende oplossing gebring kan word nie, word kerkrade/ouderlengerade en ringe versoek om die volgende werkswyse te volg.

1.1 Die raadpleging van 'n ad hoc-kommissie deur die sinode benoem met die oog op advies en leiding, en soos volg saamgestel:
 SKK - voorsitter of iemand anders deur die SKK benoem;
 KKS - voorsitter of iemand anders deur die KKS benoem;
 Kuratorium - voorsitter of iemand anders deur die Kuratorium benoem;
 Die Direkteur van Kerkadministrasie.

1.2 Wanneer bogenoemde versoek gerig word, word alle ter saaklike stukke aan die Sentrale Kerkkantoor gestuur vir die nodige hantering daarvan.

2. Die finansiering van die ad hoc-kommissie se werksaamhede geskied soos volg:

2.1 Reiskoste word t.o.v. elk van die lede voorsien uit die toegekende begroting van elke betrokke sinodale kommissie;

2.2 Waar gemeentes of ringe besoek moet word, word eers deur die Sentrale Kerkkantoor met diesulkes geraadpleeg vir die volle of tenminste 'n deel van die reiskoste en reëlings vir verblyf.

3. **BESOEKE**

Waar moontlik is besoeke deur die volle kommissie afgelê maar dit het tog soms gebeur dat nie al die lede teenwoordig was nie. Kommissies het soms uit hulle personeel verteenwoordigers aangewys indien die voorsitter nie 'n besoek kon meemaak nie. Alle besoeke het op uitnodiging plaasgevind en soms het partye in Pretoria besoek afgelê of andersins geskakel voordat die ad hoc-kommissie gemeentes of ringe besoek het.

3.1 **AP Kerk Moot-Sentraal**

'n Besoek is op 30 Januarie 2000 by die gemeente afgelê na aanleiding van verskille oor die hantering van probleme in die gemeente. Advies is gegee oor hoe die verskille kerkordelik bygelê kon word in belang van alle partye.

3.2 **AP Kerk Ermelo**

Die gemeente is besoek op 15 Februarie 2000 om advies te gee oor verskille tussen die kerkraad en beswaarde lidmate wat voortgespruit het uit die verhouding met die plaaslike CVO-skool. Pogings tot versoening het nie geslaag nie.

3.3 **AP Kerk Winburg**

'n Afvaardiging van die ouderlingeraad van die gemeente het die ad hoc-kommissie in Pretoria besoek op 15 Augustus 2000. Onrus rakende beweringe rondom persoonlike sake van die leraar is bespreek. Die ouderlinge is met advies bedien t.o.v. hulle hantering van die saak.

3.4 **AP Kerk Olifantshoek**

Op 11 September 2000 is die gemeente besoek om advies te gee oor konflik tussen die kerkraad en lede van die plaaslike CVO-skool. Konflik en dreigende verskeurdheid na aanleiding van die splitsing van die oorspronklike CVO-skool in twee afsonderlike inrigtings en die gebruik van gemeentelike eiendom deur die skole, het genoodsaak dat versoening en 'n werkbare verstandhouding bereik moes word. Sover dit menslik moontlik was, is probleme uitgepraat en het die Kommissie advies gegee vir verdere hantering van sake.

3.5 **AP Kerk Petrus Steyn**

Op 27 Februarie 2001 is die gemeente besoek om probleme te hanteer wat sekere gemeentelike lede met die leraar ondervind het. Uit die gesprekke het dit geblyk dat die leraar 'n ernstige gesondheidsprobleem het, en uiteindelik het hy 'n aansoek om mediese ongeskiktheid ingedien.

3.6 **AP Kerk Clocolan**

Die gemeente is op 13 Augustus 2001 besoek. Samesprekings tussen die kerkraad, leraar en gemeentelike lede is gehou oor verskille. Advies is gegee oor moontlike weë wat gevolg kan word om probleme op te los.

3.7 AP Kerk Piketberg

Op 12-13 Mei 2000 is 'n besoek afgelê aan AP Kerk Piketberg. Ongelukkig was dit nie moontlik om kerkraadslede van AP Kerk Weskus te betrek nie. Tydens die ontmoeting tussen die gewese leraar van die twee gemeentes en verteenwoordigers van AP Kerk Piketberg om 'n dagvaarding van die leraar teen die gemeente te bespreek, is 'n skikking bereik en verdere regskoste afgeweer.

3.8 AP kerk Tygerberg

Besoek is op versoek van die kerkraad op 20-21 Januarie 2001 aan Tygerberg afgelê om konflik tussen die leraar en sekere kerkraadslede te hanteer. Daar is gepoog om leraar en kerkraad oor die weke daarna so te begelei dat 'n bevredigende oplossing gevind kon word. Die saak is uiteindelik afgehandel toe die leraar 'n beroep na 'n ander gemeente aangeneem het.

3.9 AP Kerk Klerksdorp en AP Kerk Klerksdorp-Sentraal

Uit 'n ontmoeting tussen lede van die BRKA en die kerkraad, asook uit skrywes ontvang van AP Kerk Klerksdorp-Sentraal het geblyk dat daar steeds ongelukkigheid heers oor die verloop van die afstigting van AP Kerk Klerksdorp-Sentraal van Klerksdorp. Die SKK het aan die hand gegee dat die ad hoc-kommissie vir advies en leiding genooi word om die twee kerkrade in gesprek te ontmoet, en aan hulle geleentheid te gee om die saak uit te praat. Klerksdorp-Sentraal het daarop gereageer deur te sê dat die uitnodigingsinisiatief van Klerksdorp moet uitgaan. Daar is nog nie reaksie van AP Kerk Klerksdorp ontvang nie.

Wg. PROF. IA BRINK (Voorsitter: Ad hoc-kommissie vir Advies en Leiding)

AANVULLENDE VERSLAG: FINANSIËLE KOMMISSIE

AFDELING A

Die FK het op 7 Augustus 2001 vergader en die begroting vir 2002 opgestel. Verder is 'n projeksie vir 2003 gemaak. In die volgende state word ook vir die jare 2002 en 2003 begroot vir 'n inkomste bereken teen 10% gemeentebydraes. Teen 10% gemeentebydraes sou daar dus vir 2002 vir 'n tekort van R2.4 miljoen begroot word wat sou beteken dat een derde van die kerk se aktiwiteite wat betref administrasie, bediening en teologiese skool gestaak sou moes word.

1. BEGROTING VIR 2002

1.1 Voorwoord

Die Woord van God sê in 2 Kor. 9:6: "Maar dink daaraan: Wie spaarsaamlik saai, sal ook spaarsaamlik maai; en wie volop saai, sal ook volop maai." Geldsake in 'n kerk is 'n baie emosionele terrein, maar dit tref die FK hoe ons lidmate, kerkrade, sinode-afgevaardigdes en leraars, kinders van die Here God kan kla.

- *Ja, ons praat mekaar moedeloos;*
- *Ons is totaal negatief en raak meer en meer negatief;*
- *Besef ons dat as ons kla, die Here Jesus dit moet verduur, want u sê vir Hom dat u gladnie tevrede is met u omstandighede nie. Ten spyte van droogtes, werkloosheid, ens. het ons veel om voor dankbaar te wees.*

Prediker 2:26

"Want aan 'n mens wat welgevallig is voor sy aangesig, gee Hy wysheid en kennis en vreugde."

Die FK vra nou in die heel eerste plek elke leraar om die voortou te neem om sy gemeente te motiveer, planne te maak, aksies te begin om fondse in te samel. Die FK doen 'n beroep op elke leraar, kerkraad en sinodeganger om die besware oor die 15% oorbetalings aan die Sentrale Kerkkantoor te staak, maar eerder in blymoedigheid ekstra fondse te gaan soek.

Ons sal ons hande moet uitsteek en vir ons kerk fondse insamel en blymoedig 15% aan die Sentrale Kerkkantoor stuur. In Jeremia 29 sê die Here vir die Israeliete in ballingskap in Babel: Bou huise, plant tuine, eet daarvan, soek vrede en bid daarvoor tot die Here en Ek sal na julle luister. 'n Baie duidelike opdrag van raak aktief, meelewend, werkend en nie 'n gesindheid van steek jou hand in jou beursie en wil niks doen nie.

Dieselfde kerk (lidmate) wat kla oor die 15% bydraes aan die Sentrale Kerkkantoor, betaal tot 42% aan inkomstebelasting. Waarom dan aan die keiser gee wat hom toekom, maar nie aan God wat Hom toekom nie?

Die Sentrale Kerkkantoor voorsien aan u as gemeente kerkstukke, verbondsonderrigmateriaal, leraars, beskerming van leraars, advies en inligting waarsonder u nie kan klaarkom nie. Om dit te kan doen is daar geld nodig. As u wil ontvang, moet u ook bereid wees om te gee, nie van geld wat u nie het nie, maar 15% van wat u ontvang.

1.2 Ontvangste

Die FK het besluit om weereens die 15%-bydraes uit gemeentes vir 2000 te neem as basis vir die beraamde ontvangste vir 2002. Volgens die geouditeerde finansiële jaarstate het dit vir 2000 R5 692 605 beloop.

Die FK oordeel dat begroot word vir ontvangste van R5 500 000 vir 2002.

1.3 Uitgawes

1.3.1 Die FK het elke kommissie en die BRKA versoek om hulle begrotings **voor** 30 Junie 2001 aan die rekenmeester te besorg. Die meeste van die kommissies het hul begrotings eers teen die helfte van Julie 2001 ingedien.

Die FK het elke aanvraag noukeurig deurgewerk en probeer om soveel as moontlik besparings te bewerkstellig.

1.3.2 Die totale aanvraag beloop R6 080 600.

Volgens die beskikbare berekende ontvangste van R5 500 000 word daar begroot vir 'n tekort van R580 600 op die totale uitgawebegroting vir 2002. Daar sal drastiese stappe toegepas moet word om die uitgawes aan te pas by die beskikbare verwagte inkomste. Alle betrokkenes se samewerking is hiervoor nodig.

1.3.3 BRKA: Begroting 2002

BRKA: BEGROTING 2002

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(in Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

BRKA: BEGROTING VIR 2002 EN PROEKSIE VIR 2003

	BEGROTING 1999 R	WERKLIK 1999 R	BEGROTING 2000 R	WERKLIK 2000 R	BEGROTING 2001 R	WERKLIK tot 30/06/01 R	AANVRAAG 2002 R	PROEKSIE 2003 R
UITGAWES NA OPSOMMING	1 933 000	2 053 223	1 906 500	2 100 386	2 091 600	983 451	2 309 400	2 550 260
APK - Trustfonds	60 000	60 000	-	-	60 000	-	60 000	60 000
Bankkoste	8 000	4 615	8 000	8 183	7 700	4 716	9 000	10 000
Sekuriteit	5 000	-	2 000	4 545	-	4 346	9 000	10 000
Groepversekering	58 000	45 413	58 000	42 601	47 000	21 639	47 000	50 000
Huur van toerusting	42 000	22 182	30 000	30 408	35 000	16 895	40 000	46 000
Jeugtuiste surplus	-	(62 775)	-	(52 786)	(63 600)	(33 114)	(57 600)	(55 240)
Mediese bystand afgetrede lede	90 000	121 627	130 000	190 497	233 000	110 748	308 000	407 000
Munisipale koste	40 000	38 440	40 000	38 105	40 000	19 670	50 000	54 000
Oninvorderbare bedrae afgeskry	-	175	-	-	-	-	-	-
Ouditgelde	5 000	6 000	5 500	8 500	6 500	3 000	7 000	7 500
Posgeld	25 000	10 361	20 000	10 232	14 000	7 304	13 000	14 500
Regskoste	-	14 210	5 000	186 221	-	525	-	-
Reiskoste - administratief	30 000	29 032	31 000	7 283	7 000	4 751	9 000	10 000
Reiskoste - vergaderings	15 000	16 470	16 000	19 620	15 000	8 817	18 000	18 000
Rente betaal	32 000	20 146	32 000	19 986	23 000	9 781	24 000	24 000
Salariese - administratief	1 425 000	1 408 292	1 433 000	1 406 559	1 572 000	761 058	1 685 000	1 800 000
Koste: Personeelkonsultante	-	3 216	-	-	-	-	-	-
Skryfbehoeftes	40 000	34 834	40 000	26 036	36 000	15 057	30 000	32 000
Spaarplan - leraars	1 000	627	1 000	-	-	-	-	-
Verversings en personeelet	5 000	3 046	4 000	7 085	5 000	3 036	6 000	6 000
Telefoon en faks	35 000	35 474	35 000	34 169	40 000	17 501	37 000	40 000
Versekering	17 000	14 165	16 000	13 142	14 000	7 721	15 000	16 500
Voorziening vir oninbare skulde	-	227 673	-	100 000	-	-	-	-

APK TRUSTFONDS

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

TRUSTFONDS BEWEGING

	1997	1998	1999	2000	2001	2002	2003	2004	2005	2006
Beginsaldo	438,103	348,051	776,112	934,535	1,006,034	1,293,029	1,370,058	1,429,359	1,469,960	1,472,857
Ontvang	147,618	604,451	332,436	252,992	490,000	355,000	365,000	375,000	385,000	325,000
Bydraes	83,725	80,888	83,293	74,309	75,000	75,000	75,000	75,000	75,000	75,000
Ander	63,893	523,563	249,143	178,683	415,000	280,000	290,000	300,000	310,000	250,000
Lijfbetaal	237,670	176,390	174,013	181,493	203,005	277,970	305,699	334,399	382,103	449,476
Premies	93,670	69,000	24,000	24,000	4,000	-	-	-	-	-
Toelaes	144,000	107,390	150,013	157,493	199,005	277,970	305,699	334,399	382,103	449,476
Eindsaldo	348,051	776,112	934,535	1,006,034	1,293,029	1,370,058	1,429,359	1,469,960	1,472,857	1,348,381
Byvoeging volgens goedgekeurde lys										
@ R 1,500 per leraar per maand				3	2	4	1	1	2	3
				4,500.00	3,000.00	6,000.00	1,500.00	1,500.00	3,000.00	4,500.00
Rentekoers toegeedeel	15%	19%	24%	19%	18%	17%	17%	17%	17%	17%
Rente toegeedeel	63,893	67,640	189,143	178,683	180,000	219,815	232,910	242,991	249,893	250,386

Waarneming -

1. Die gemeentebydraes neem af.
2. Die gemeentebydraes stel die kritiese jaar uit na 2005, andersins sou die kritiese jaar 2002 gewees het.
3. Die kritiese jaar is die jaar waarin die hulpbetalings gelykbreek met die toegedeelde rente.
4. Die rente word toegedeel volgens die aandeel van die fondswaarde tot die totale fondse se waarde en nie volgens die rentekoers in die vrye mark nie. (Vergelyk 17 % toedeling met 10.75 % rentekoers)
5. Die laaste lid word gedurende 2010 bygevoeg.

AANBEVELING DEUR DIE FINANSIËLE KOMMISSIE AAN DIE SINODE -

Onderhawig aan die bevindinge van die hangende pensioen- en trustfondsondersoek, word aanbeveel dat 30% van die toedeling aan die Reserwefonds op jaareinde, na die Trustfonds geskied.

MOTIVERING

Hierdie toedeling vanaf 2001, gaan die begrotingsdruk verminder op toekomstige finansiële jare wanneer hoër uitbetalings aan trustfondse die Trustfondsbalans onder druk gaan plaas, soos blyk uit die projeksie gedoen tot 2006.

1.3.3.1 Die rekenmeester lê 'n verslag voor waarin aangedui word waar ernstige probleme vorentoe kan ontstaan. Die FK neem met kommer kennis van die groot druk wat die APK Trustfonds en die Mediese Bystand aan Afgetrede Lede op die begroting het en beveel soos volg aan:

AANBEVELINGS

1.3.3.1.1 APK Trustfonds

Die sinode/RKA besluit dat 30% van die bedrag wat na die Reserwefonds oorgeplaas word, voortaan na die APK Trustfonds oorgeplaas word.

1.3.3.1.2 Mediese fonds

Die sinode/RKA besluit dat alle lede waarvoor die BRKA verantwoordelik is, te wete personeel en afgetrede leraars slegs toegelaat moet word om tot maksimum die Essensiële Plan van Discovery te behoort tensy die lid bereid is om die verskil in bydraes vir die duurder plan self te dra.

1.3.3.1.3 Groepversekering

Die sinode/RKA besluit om die groepversekering, wat voorsiening maak om die weduwee van 'n leraar wat in diens te sterwe kom vir ses maande te onderhou, direk by Sanlam Groepvoordele te plaas en sodoende een maand se premie per jaar te spaar. Die huidige tarief deur Claassen Makelaars is R0.609 per R1000 dekking terwyl die tarief deur Sanlam Groepvoordele R0.549 per R1000 dekking beloop.

In die lig van die tekorte wat die APK-Trustfonds in die gesig staar, word daar ook weer R60000 begroot vir die gebruikelike aanvulling van die APK-Trustfonds uit sinodale fondse. Daar word 6% begroot vir inflasie-aanpassings en moontlike styging in mediese fonds tariewe ten opsigte van die salarisse van administratiewe personeel. Vir kapitale uitgawes soos meubels, toerusting en verbeterings aan geboue is nie begroot nie.

1.3.4 Kuratorium: Begroting 2002

KURATORIUM-BEGROTING 2002

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

(in Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

KURATORIUM : BEGROTING VIR 2002 EN PROJEKSIE VIR 2003

	BEGROTING 1999 R	WERKLIK 1999 R	BEGROTING 2000 R	WERKLIK 2000 R	BEGROTING 2001 R	WERKLIK tot 30/06/01 R	AANVRAAG 2002 R	PROJEKSIE 2003 R
OPLEIDINGSUITGAWE	1 154 000	1 161 018	1 169 500	1 266 695	1 205 500	636 571	1 256 000	1 348 500
Dosentevergoeding	804 000	857 569	830 000	950 087	878 000	392 498	957 000	1 045 000
Uitbetaling van langverlof	30 000	30 000	30 000	32 886	80 000	81 033	16 000	17 500
Reiskoste: Dosente	38 000	37 500	37 500	37 500	37 500	18 750	43 000	46 000
Reiskoste: Vergaderings	25 000	28 949	22 000	16 222	25 000	9 040	30 000	30 000
Biblioteekfonds	7 000	7 000	-	-	10 000	5 000	10 000	10 000
Willie Lubbe Studiefonds	200 000	200 000	200 000	200 000	175 000	87 500	200 000	200 000
Vergoeding: Admissiedosente	50 000	0	50 000	30 000	0	42 750		
ANDER UITGAWES	206 400	212 019	207 000	233 204	267 300	121 540	292 500	324 200
Munisipale koste	6 000	7 468	8 000	7 123	7 500	3 548	9 500	10 200
Salaries: Administratief	168 000	170 182	173 000	181 442	225 000	90 420	235 000	263 000
Skryfbehoeftes	5 000	811	5 000	3 309	5 000	3 416	6 000	6 500
Telefoon	12 000	18 225	15 000	28 211	24 000	17 243	29 000	31 000
Versekering en sekuriteit	2 200	3 643	4 000	7 063	3 800	5 854	11 000	11 500
Verversings	1 200	1 690	2 000	2 010	2 000	1 059	2 000	2 000
*Registrasie teologiese Skool	12 000	10 000		4 046				
TOTALE UITGAWES	1 360 400	1 373 037	1 376 500	1 499 899	1 472 800	758 111	1 548 500	1 672 700
MIN: Klaskelde betaalbaar	55 000	97 000	96 000	87 750	0	80 500		
NETTO KOSTE NA OPSOMMING	1 305 400	1 276 037	1 280 500	1 412 149	1 472 800	677 611	1 548 500	1 672 700

1.3.4.1 Daar word 9% begroot vir inflasie-aanpassings en maondlike styging in mediese fondstariewe ten opsigte van die salarisse van teologiese dosente en administratiewe personeel.

1.3.4.2 Uitbetaling van langverlof aan teologiese dosente

Die agterstallige langverlof van dosente is uitbetaal en die Kuratorium begroot net R16 000 vir 2002.

1.3.5 Publikasiekommissie: begroting 2002

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

PUBLIKASIEKOMMISSIE: BEGROTING 2002 EN PROEKSIE VIR 2003 VIR DIE EIE, SINODALE EN BUIE PUBLIKASIES

PUBLIKASIES (EIE, SINODALE EN BUIE)

	BEGROTING 1999 R	WERKLIK 1999 R	BEGROTING 2000 R	WERKLIK 2000 R	BEGROTING 2001 R	WERKLIK tot 30/06/01 R	AANVRAAG 2002 R	PROEKSIE 2003 R
ONTVANGSTE								
Verkope: Publikasies	710 000	632 132	685 000	632 953	773 000	192 552	682 000	737 000
Advertensies: Publikasies	700 000	626 082	680 000	632 953	771 000	192 552	680 000	735 000
	10 000	6 050	5 000	0	2 000		2 000	2 000
KOSTE VAN VERKOPE								
Koste van verkope: Publikasies	200 000	375 171	408 000	440 730	523 000	108 516	442 000	477 000
	200 000	375 171	408 000	440 730	523 000	108 516	442 000	477 000
BRUTO OORSKOT	510 000	256 961	277 000	192 223	250 000	84 036	240 000	260 000
UITGAWES								
Advertensies	476 650	438 698	476 200	378 544	463 050	151 770	527 700	559 500
Beoordeling - boeke	500	0	5 000	0	9 000		12 000	13 000
Kommissie op boekverkope	9 000	1 755	5 000	6 135	5 000		5 300	6 000
Korting toegestaan	9 000	0	25 000		15 000		25 000	25 000
Ledegeld	0	0				85		
Pliglewering	40 000	22 962	40 000	64 602	22 050	4 542	5 000	5 000
Posgeld en verpakking - Publikasies	30 000	17 959	18 000	21 119	15 000	11 670	24 000	20 000
Promosies	5 000	140	5 000	5 004	9 000	133	25 000	25 000
Sekuriteitskoste	3 000	0		576		1 200	2 400	2 500
Reiskoste: Publikasies - adm.	2 000	0	2 000	174	2 000		2 000	2 000
Reiskoste: vergaderings - publikasies	18 000	10 590	16 000	14 812	10 000	4 880	14 000	15 000
Salarisse	319 000	356 266	324 000	225 627	338 000	109 376	370 000	400 000
Skrifbehoefes	10 000	10 475	10 000	13 881	10 000	4 612	11 000	11 000
Tantieme	20 000	9 137	15 000	17 848	17 000	10 804	20 000	22 000
Telefoon	10 000	9 414	10 000	6 766	10 000	4 468	11 000	12 000
Verversings	1 150	0	1 200	0	1 000	0	1 000	1 000
NETTO OORSKOT/(TEKORT) VIR DIE TYDPERK	33 350	(181 737)	(199 200)	(186 321)	(213 050)	(67 734)	(287 700)	(299 500)

DIE BOODSKAPPER**AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK**

(’n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

PUBLIKASIEKOMMISSIE: BEGROTING 2002 EN PROEKSIE VIR 2003 VIR DIE BOODSKAPPER

	BEGROTING 1999		WERKLIK 1999		BEGROTING 2000		WERKLIK 2000		BEGROTING 2001		WERKLIK tot 30/06/01		AANVRAAG 2002		PROEKSIE 2003	
	R		R		R		R		R		R		R		R	
ONTVANGSIE	230 000		324 479		330 000		296 383		330 000		185 794		350 000		370 000	
Verkope: Boodskapper	200 000		288 033		300 000		275 458		300 000		174 511		320 000		340 000	
Advertensies: Boodskapper	30 000		29 839		30 000		19 921		30 000		10 601		30 000		30 000	
Skenkings	0		6 607		0		1 004				662					
KOSTE VAN VERKOPE	306 000		195 982		300 000		265 873		300 000		160 851		324 000		362 000	
Drukkoste: Boodskapper	306 000		195 982		300 000		265 873		300 000		160 851		324 000		362 000	
BRUTO OORSKOT / (TEKORT)	(76 000)		128 497		30 000		30 510		30 000		24 943		26 000		8 000	
UITGAWES	351 350		310 658		366 350		373 943		380 350		218 034		419 850		457 350	
Intekengeld	350		(168)		350		378		350				350		350	
Medewerkers	15 000		19 696		12 000		10 261		12 000		4 055		15 000		15 000	
Posgeld en verpakking - Boodskapper	45 000		37 717		37 000		28 667		30 000		20 458		36 000		40 000	
Reiskoste: Boodskapper	10 000		7 998		13 000		845		8 000		586		9 000		10 000	
Salariesse	276 000		241 358		298 000		326 409		322 000		182 626		351 000		383 000	
Tydlike hulp	5 000		4 057		6 000		7 393		8 000		10 309		8 500		9 000	
NETTO OORSKOT/(TEKORT) VIR DIE TYDPERK	(427 350)		(182 161)		(336 350)		(343 433)		(350 350)		(193 091)		(393 850)		(449 350)	
OORSKOT / (TEKORT) NA OPSOMMINGSKEDULE	(394 000)		(363 898)		(535 550)		(524 764)		(563 400)		(260 825)		(681 550)		(748 850)	

1.3.5.2 Die begrote tekort ten opsigte van *Die Boodskapper* beloop R393 850 vir 2002. Die FK oordeel dat die begroting slegs gebruik kan word vir die subsidiëring van *Die Boodskapper*.

1.3.5.3 Die FK versoek weereens gemeentes om te kontroleer of hulle al *Die Boodskappers* wat aan hulle versend word, benut. Die oplaag van *Die Boodskapper* moet nie meer wees as wat werklik benut word nie, sodat drukkostes bespaar kan word.

1.3.5.4 'n Groot probleem vir die FK is die tekort van R287 700 op publikasies. Die FK oordeel dat publikasies nie gesubsidieer moet word nie.

1.3.5.5 'n Rede vir die tekort van R580 600 op die totale uitgawe-begroting vir 2002 is hoofsaaklik omdat die FK nie die aanvraag van die Publikasiekommissie kan verminder sonder dat sekere dienste gestaak word nie. Die totale subsidiëring van afdeling Publikasies vir 2002 is R681 550.

1.3.6 SKK: Begroting 2002

SENTRALE KERKEKOMMISSIE: BEGROTING VIR 2002 EN PROEKSIE VIR 2003

	BEGROTING 1999 R	WERKLIK 1999 R	BEGROTING 2000 R	WERKLIK 2000 R	BEGROTING 2001 R	Werklik tot 30/06/01 R	AANVRAAG 2002 R	PROEKSIE 2003 R
SINODEFONDS	50 000	198 828	50 000	7 088	25 000	0	50 000	50 000
BEDIENINGSFONDS	900 000	917 597	750 000	737 893	888 000	431 638	1 045 000	1 179 100
Hulp aan Gemeentes		906 572		726 002	875 000	405 514	894 000	1 028 100
Reisende Leraars		10 615		11 500	12 000	25 502	150 000	150 000
Hospitaalbesoeke		410		491	1 000	622	1 000	1 000
REISKOSTE-VERGADERINGS ANDER KOMMISSIEWERK	20 000 5 000	23 116	22 000 5 000	10 157	18 000 5 000	6 510 3 940	20 000 5 000	22 000 5 000
SUB-TOTAAL	975 000	1 140 541	827 000	755 238	936 000	441 968	1 120 000	1 256 100
STUDIEFONDS - LERAARS	-	46 783	50 000	31 424	0	6 022	0	0
TOTAAL	975 000	1 187 324	877 000	786 662	936 000	448 010	1 120 000	1 256 100

1.3.6.1 Die FK kon nie verder besnoei op die aanvraag van R894 000 deur die SKK vir bedieningshulp nie.

1.3.7 Samevatting

1.3.7.1 Inkomste

1.3.7.1.1 Volgens 'n verslag van die rekenmeester is R2 633 721 teen 31 Julie 2001 15%-bydraes van gemeentes ontvang vir die tydperk 1 Januarie 2001 tot 30 Junie 2001. Dit is R16 279 minder as die begrote inkomste vir die betrokke ses maande.

1.3.7.1.2 Die persentasie van bydraes uit gemeentes vir 2002 kan gevolglik nie verminder word nie en sal 15% moet bly.

1.3.7.2 Uitgawes

1.3.7.2.1 Die aanvrae van kommissies vir 2002 is nie verder deur die FK verminder nie soos verduidelik in 1.3.5.5 hierbo.

AANBEVELINGS

1.3.7.2.2 Die sinode/RKA besluit om R5 500 000 te begroot vir ontvangste uit gemeentes in 2002.

1.3.7.2.3 Die sinode/RKA keur die volgende opgesomde begroting van totale uitgawes vir 2002 goed:

TOTALE BEGROTING VIR 2002 EN PROJEKSIE VIR 2003

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

('n Gereformeerde Kerk van Christus onder blanke Afrikaners)

TOTALE BEGROTING VIR 2002 EN PROJEKSIE VIR 2003

Gemeentebydrae % aanduider

	BEGROTING 1999 R	WERKLIK 1999 R	BEGROTING 2000 R	WERKLIK 2000 R	BEGROTING 2001 R	WERKLIK Tot 30/6/2001 R	AANVRAAG 2002 R	10% R	15% R	10% R	15% R	PROJEKSIE 2003 R	10% R
Argief	55 300	47 069	64 000	14 505	26 500	12 276	37 000	37 000	42 600	37 000	42 600	42 600	42 600
BRKA	1 933 000	2 053 223	1 906 500	2 100 386	2 091 600	983 451	2 309 400	2 309 400	2 550 260	2 309 400	2 550 260	2 550 260	2 550 260
Finansies	12 000	8 194	13 000	5 563	8 000	2 167	8 000	8 000	8 000	8 000	8 000	8 000	8 000
Formuliere en Liturgie	10 000	6 877	11 000	4 149	7 000	7 043	12 000	12 000	8 000	12 000	8 000	8 000	8 000
Instandhoudingsfondsuilgawe	115 000	321 183	219 000	360 774	179 700	39 177	265 000	265 000	214 350	265 000	214 350	214 350	214 350
Kerkleer en Christelike Etiek	2 000	826	2 000	165	3 000	7	3 000	3 000	3 000	3 000	3 000	3 000	3 000
Kerkregtelike Sake	30 000	19 748	32 000	19 893	22 000	10 902	23 650	23 650	25 420	23 650	25 420	25 420	25 420
Kerksang en -musiek	18 000	8 397	11 000	15 722	16 000	2 585	17 000	17 000	15 000	17 000	15 000	15 000	15 000
Kuralorium	1 305 400	1 276 037	1 280 500	1 412 149	1 472 800	677 611	1 548 500	1 548 500	1 672 700	1 548 500	1 672 700	1 672 700	1 672 700
Publikasies	394 000	363 898	535 550	529 754	563 400	260 825	681 550	681 550	748 850	681 550	748 850	748 850	748 850
Sentrale Kerkekommissie	975 000	1 187 324	877 000	786 662	936 000	448 010	1 120 000	1 120 000	1 256 100	1 120 000	1 256 100	1 256 100	1 256 100
Verbondsonderrig en Opvoeding	30 000	25 368	39 000	16 313	30 000	7 459	33 500	33 500	36 000	33 500	36 000	36 000	36 000
Onderwys en opleiding	0	0	0	0	0	8 618	12 000	12 000	12 900	12 000	12 900	12 900	12 900
	4 879 700	5 318 143	4 990 550	5 266 035	5 356 000	2 460 131	6 070 600	6 070 600	6 593 180	6 070 600	6 593 180	6 593 180	6 593 180
Kapitale Uitgawes	20 000	16 929	0	0	0	0	10 000	10 000	0	10 000	0	0	0
TOTALE UITGAWES	4 899 700	5 335 072	4 990 550	5 266 035	5 356 000	2 460 131	6 080 600	6 080 600	6 593 180	6 080 600	6 593 180	6 593 180	6 593 180
OORSKOT / (TEKORT)	(99 700)	485 153	(190 550)	481 572	(56 000)	197 096	(580 600)	(2 413 933)	(1 007 180)	(2 413 933)	(1 007 180)	(2 869 180)	(2 869 180)
ONTVANGSTE	4 800 000	5 820 225	4 800 000	5 747 607	5 300 000	2 657 227	5 500 000	3 666 667	5 586 000	3 666 667	5 586 000	3 724 000	3 724 000

1.3.7.2.4 Die sinode/RKA gee opdrag dat geen uitbetalings van oorskryde bedrae gedoen sal word sonder die goedkeuring van die FK nie.

AFDELING B

1. ADDISIONELE SAKE

Die volgende verdere sake word onder die sinode se aandag gebring.

1.1 Tarief vir reiskoste

Die reiskoste per km is tans R1-70. In die lig van die onlangse verlaging in die brandstofprys het die FK die reiskostetarief in oorweging geneem, maar besluit om dit voorlopig op R1.70 per kilometer te hou.

AANBEVELING

Die sinode/RKA besluit dat die tarief vir reiskoste vasgestel word op R1.70 per km vanaf 1 Junie 2001.

1.2 Pensioenfonds ondersoek

In opdrag van die Negende Sinode het die FK ondersoek ingestel na die pensioenfonds om na bevinding nuwe administrateurs aan te stel. Kwotasies is van Claassen Makelaars gekry waarvolgens Fedsure se kwotasie geblyk het die voordeligste te wees. Intussen was daar onsekerhede rondom Fedsure en het die FK geoordeel dat die saak verder ondersoek moet word.

AANBEVELING

Die sinode/RKA kontinueer die opdrag aan die BRKA en FK met volmag om die saak te ondersoek en af te handel.

1.3 Traktementskale – hersien vir begroting

Tydens die bespreking van die Begroting vir 2001 het die FK die rekenmeester versoek om inligting by universiteite en skole in te win in verband met die salarisskale van professore, senior lektore en skoolhoofde. Die voorlopige ondersoek wat deur die FK geloods is, dui daarop dat dit verdere ondersoek regverdig.

AANBEVELING

Die sinode/RKA dra dit aan die FK op om verdere ondersoek in te stel na die traktementskale van leraars en akademiese personeel van die Afrikaanse Protestantse Akademie en die resultaat van die ondersoek aan die BRKA en die Kuratorium beskikbaar te stel om by die volgende begroting te oorweeg.

1.4 Versekering teen regsdinge in geval van nalatigheid

AANBEVELING

Die sinode/RKA stap van die saak af aangesien daar nie versekering teen sulke gevalle is nie en nalatigheid nie duidelik gedefinieer is nie.

1.5 Oordra van spesifieke fondse na die algemene fonds

1.5.1 Spesifieke fondse – motivering om oor te dra na algemene fonds

Sekere van die spesifieke fondse naamlik Ouethuisfonds, Weeshuisfonds en Vroue-aksiefonds het vir etlike jare geen in- of uitvloei gehad nie, behalwe rente wat toegeedeel is.

SPESIFIEKE FONDSE**Spesifieke fondse**

	<u>2000</u>	<u>1999</u>	<u>1998</u>	<u>1997</u>	<u>1996</u>	<u>1995</u>
1 APK Weeshuisfondsbalans	2,755	2,287	1,739	1,460	1,237	1,058
Rente toegedeel	468	548	279	223	179	58
Beginsaldo	2,287	1,739	1,460	1,237	1,058	1,000
2 Ouetehuisfondsbalans	1,278	1,061	806	677	574	529
Rente toegedeel	217	255	129	103	45	29
Beginsaldo	1,061	806	677	574	529	500
3 Vroue-Aksie fondsbalans	44,785	37,177	28,257	23,734	20,109	18,605
Rente toegedeel	7,608	8,920	4,523	3,625	1,504	962
Beginsaldo	37,177	28,257	23,734	20,109	18,605	17,643

Aanbeveling:

Die Finansiële Kommissie van die Sinode beveel by die Sinode aan dat die balanse van die Weeshuis-, Ouetehuis- en Vroue-Aksie fonds na die Reserwefonds oorgeplaas word en dat die Reserwefondsaantekening in die Finansiële State uitgebrei word om die besluit te openbaar.

Motivering vir die aanbeveling -**A Ontstaan en bepalinge van die fonds****1 APK Weeshuisfonds**

Geskenk deur Memelgemeente in 1990.

Geen reglement of bepalinge bestaan vir die fonds nie.

2 Die Ouetehuisfonds

Die fonds ontstaan in 1990.

Geen reglement of bepalinge bestaan vir die fonds nie.

3 Die Vroue-Aksie fonds

Die fonds ontstaan in 1988.

Geen reglement of bepalinge bestaan vir die fonds nie.

B Beweging in die fondse

Soos duidelik blyk uit die skedule is die enigste beweging die afgelope ses jaar, die rente toegevoeg tot die fondse.

AANBEVELING:

Die sinode/RKA besluit dat die Ouetehuisfonds; Weeshuisfonds en Vroue-aksiefonds, wat vir etlike jare geen beweging getoon het nie behalwe vir rente wat toegedeel is, oorgeplaas word na die Reserwefonds en dat die inligting in die finansiële state in 'n aantekening tot die Reserwefonds vervat word.

1.5.2 Bybelverspreidingsfonds

Die Bybelverspreidingsfonds bestaan hoofsaaklik uit erflatings wat spesifiek geormerk is vir die druk van die 1933/1953 vertaling.

AANBEVELING:

Die sinode/RKA besluit dat die Bybelverspreidingsfonds steeds apart gehou word en dra dit aan die KKS op om 'n reglement vir die Bybelverspreidings-fonds op te stel.

AFDELING C

Beskrywingspunte

Die FK het die beskrywingspunte wat handel oor die 15% gemeentehydraes laat oorstaan tot by die begroting vir 2002 om sinvol te probeer kyk of die persentasie enigsins verminder kan word.

1. Ring van Outjo – Namibië: Vermindering van 15% bydraes na 10% bydraes vir gemeentes in Namibië

Die sinode besluit dat gemeentes in Namibië 'n heffing van 10% aan die BRKA oorbetaal in plaas van 15%.

Motivering:

1.1 Namibië het absoluut 'n unieke bedieningstruktuur wat onvergelykbaar is met die R.S.A. Afstande is die grootste faktor wat die bediening kniehalter, byvoorbeeld:

1.1.1 Dit is tans die taak van slegs 2 voltydse en 1 deeltydse leraars om die hele land te bedien, wat nie veel kleiner as die R.S.A. is nie. Dit bring noodwendig mee dat enorme afstande afgelê moet word. Leraars reis gemiddeld 500-800 km op 'n Sondag om by twee of meer gemeentes te preek. In baie gevalle is die leraar dan nog nie by sy standplaas nie en moet die terugreis eers Maandag aangepak word.

1.1.2 Elke gemeente bedien 'n gebied groter as die Oranje Vrystaat en besoekpunte van tot so ver as 300 kilometer is algemeen. Ds. Adam Boshoff wat die vorige leraar van die gemeente Leonardville was het in net meer as 2 jaar 100 000 kilometer gereis in die uitvoering van sy bedieningswerk.

Uit bogenoemde voorbeelde is duidelik dat baie hoë eise aan gemeentes gestel word om toereikende bediening daar te stel.

1.2 Hoë finansiële eise word aan gemeentes gestel vanweë die geweldige afstande, wat dit uiters moeilik maak vir gemeentes om kop bo water te hou. Dit kos byvoorbeeld Keetmanshoop gemeente ± R2 600 en Welwitschia gemeente R3 300 vir 'n enkele erediens per maand. In sommige gevalle moet hierdie geweldige verantwoordelikheid bowendien deur slegs 'n handjievol (soms minder as 20) lidmate nagekom word.

1.3 Die Ring van Outjo is in die buiteland geleë:

- Dit stel ander eise
- Ander wetgewing is van toepassing.
- 'n Ander belastingstruktuur geld
- 'n Ander geldeenheid word gebruik en dit is bowendien in die proses van ontkoppeling van die S.A. rand.
- Lewenskoste is aansienlik hoër as in die R.S.A.
- As buitelandse kerk word nie soveel baat gevind by die hoofstroom van aktiwiteite van ons kerkverband nie en is gemeentes tot 'n baie groter mate op hulself aangewese.

As gevolg hiervan verg die administrasie en organisasie wat deur die ring en die gemeentes behartig moet word baie meer inspanning en koste.

1.4 AANBEVELING

Die sinode keur die beskrywingspunt nie goed nie.

Motivering:

Gemeentes in Namibië wat finansiële hulp nodig het om bediening behoorlik te laat plaasvind, kan by die SKK aansoek doen om hulp uit die bedieningsfonds.

2. Ring van Vereeniging: Vermindering van 15% bydraes van plaaslike kerke

2.1 Die sinode/RKA 2001 besluit dat die oorbetalings van 15% van alle inkomste van die plaaslike kerke verminder word met 5% tot 10%. Opmerking: lewens moet die geld van elders verkry word.

2.2 Die sinode/RKA 2001 besluit dat die verskil verhaal word uit die volgende:

2.2.1 Die reserwefonds se groei staak vanaf 1/1/2002 en wel op die volgende wyse:

2.2.1.1 Geen kapitale toevoeging wat in die verlede soveel as 12% beloop het op die jaarlikse omset van inkomste wat aan die BRKA oorbetal is, sal geskied nie.

2.2.1.2 Alle renteverdienste sal aangewend word om die begroting aan te vul uitgesonder 0,5% vir storting in die Willie Lubbe Studiefonds en 0,5% vir toevoeging tot die rampfonds.

2.2.1.3 Wat verder benodig word, om die begroting in lyn te bring met die 10% verhoging van plaaslike kerke, moet uit die reserwefonds verhaal word.

Motivering:

2.3 Aangaande 2.2.1.3 is R150 000 onttrek vir instandhouding en skoonmaak van Kerklike geboue en eiendom. As dit veroorloof was, terwyl baie plaaslike kerke nie tot sodanige fonds/fondse toegang het nie, is dit gewis te regverdig om fondse te onttrek in die lig van die ekonomiese klimaat en die verarming van die deursnee Afrikaner in die kerk en volksverband.

2.4 Die Reserwefonds het op 31/12/1999 R1 798 580 (Een miljoen sewehonderd agt en negentig duisend vyfhonderd en tagtig rand) beloop. Nadat rente en kapitale toevoeging gedoen is, het die bedrag gedurende die finansiële jaar 2000 opgeskuif na R2 459 261. Dit laat ons met 'n groei vir die finansiële jaar van R680 681. Voeg daarby R150 000 wat gedurende die jaar onttrek is vir die skoonmaak en herstel van die eiendomme van die BRKA, dan bring dit die groei vir die jaar te staan op R830 681. Vir die finansiële jaar 2001 sal rentetoevoeging globaal vir die jaar plus minus R275 437 beloop teen 11,2% indien die belegging binnelands gedoen word. Sonder toevoeging van renteverdienste vir die jaar 2002 wat dan maandeliks onttrek word om ingevleg te word in die begroting, kan die rente-inkomste bereken op 'n dag vir dag groei vir 30 dae plus minus R22 789 per maand beloop, d.w.s. R273 468 per jaar.

2.5 Beskrywingspunte wat verkleining van kommissies en selfs afskaffing van kommissies aanvaar behoort ook by te dra om makliker die doelwit van 10% bydrae te realiseer.

2.6 Met u openingsaldo van R4 943 005 op 1/1/2001 wat die reserwefonds uitsluit, lyk dit of die begrotings vir die volgende twee jaar kan klop, sonder die invloed van selfs 'n enkele sent, gesien die goedgekeurde begroting vir 2000 van R2 047 500.

3. Ring van Bloemfontein: Vermindering van 15% na 10%

Die ring versoek die sinode om die 15% oorbetalings aan die SKK na 10% te verminder.

Motivering:

Ons voel dat in die huidige finansiële knyp waaronder die blankegemeenskap gebuk gaan, is dit net nie moontlik om al ons verpligtinge na te kom nie. Ten spyte van die feit dat ons nou al twee keer per jaar basaar hou, beweeg ons jaarliks stadig agteruit. Ons het tot die slotsom gekom dat indien die maandelikse SKK bydrae van 15% na 10% verlaag word, dit vir ons meer

bekostigbaar sal wees. Ons verstaan dat u oor beleggings van R12 000 000 (twaalf miljoen rand) beskik.

4. Ring van Roodepoort: Vermindering van 15% na 10%

Die sinode besluit om die 15% bydrae te verminder na 10%.

Motivering:

4.1 Die huidige ekonomiese klimaat regverdig so 'n besluit.

4.2 Die werklikheid (ons verwys na die groot getal kerke wat 15% bydraes agterstallig is) vertel dat kerke nie die 15% bydrae kan betaal nie.

Hier wil ons graag verwys na die vorige sinode toe die sinode gehandel het oor die sing van hallelujas. 'n Spreker het die opmerking gemaak dat al besluit die sinode wat ookal, die kerke in die kerkverband sing hallelujas.

Met hierdie gebeure in gedagte (dat 'n onrealistiese besluit geneem word wanneer die sinode die status quo handhaaf), wil ons graag die vraag vra: wat is die nut om 'n besluit te neem wat ons weet die kerke in die kerkverband nie kan nakom nie, al wil hulle hoe graag?

5. Ring van Beaufort-Wes: Vermindering van 15% na 10%

Die Ring van Beaufort-Wes versoek die sinode om die finansiële verpligtinge van gemeentes te verminder van 15% tot 10%.

Motivering:

5.1 Die Ring van Beaufort-Wes is bewus van die feit dat bogenoemde beskrywingspunt telkens op die sinode gedien het, en wel sonder sukses.

5.2 Die ring is van mening dat, reeds vanweë die feit dat so baie gemeentes ongelukkig is oor die 15% finansiële verpligtinge aan die SKK, dit weer nodig is om die beskrywingspunt in te dien.

5.3 Die ring is ook bewus van die velerlei finansiële verpligtinge van die SKK en spreek sy waardering uit t.o.v. die aanwending van sy finansiële bronne.

5.4 Kerkrade en gemeentes is ook terdeë bewus van die noodsaaklikheid van sy bydrae aan sy kerk en hou Maleagi 3:10 in gedagte. Dit is hier waar God ons vra om die hele tiende na sy skathuis te bring sodat daar spys in sy huis kan wees en ook met die wonderlike belofte dat Hy vir ons die vensters van die hemel sal oopmaak en oor ons oorvloedige seën sal uitstort.

5.5 Die ring vra egter die sinode om ook hierdie Skrifwoord in gedagte te hou dat God slegs 10% van ons inkomste vra om aan Hom af te gee. Is dit nie moontlik dat die sinode dieselfde kan doen nie?

5.6 Die ring wil u aandag ook vestig op die feit dat soos u 15% van gemeentes eis, so is gemeentes afhanklik van vrywillige bydraes van lidmate en dat elke gemeente behoeftige lidmate het wat soms hul laaste stuiwer in die skatkis gooi.

5.7 Vyf persent vermindering kan op die oog af wel min beteken, maar dit kan moontlik 'n rystoel vir 'n gestremde beteken of 'n bril vir 'n swaksiende lidmaat. Dit kan 'n paar maande se barmhartigheidsdiens moontlik maak vir 'n arm gesin.

5.8 Is die 15% nie miskien die rede waarom stappe geneem moet word teen gemeentes wat nie hul 15% oorbetal nie. (Verwys na September 1999 se Handeling van die sinode bl. 405 par. 3.7)

5.9 Die ring aanvaar dat die SKK vooruit beplan en reeds 'n begroting opgestel het vir 'n 15% inkomste. Ons vra u egter om dit te hersien.

5.10 Ten slotte: Toe ons hierdie kerk gestig het nadat ons afskeid moes neem van die kerk van ons vader en moeder, die kerk waarin ons gedoop is, belydenis van geloof afgelê het, waarin ons getroud is en weer ons kinders ten doop gebring het, was gesê dat die nuwe kerk van grondvlak af regeer sal word en nie weer van bo af nie. Laat bogenoemde gedagte nog steeds van toepassing wees. Help ons om ons selfrespek te behou sodat ons die sosiale druk kan weerstaan.

Die Ring van Beaufort-Wes bid die sinode sterkte en seën toe op u werk.

AANBEVELING

5.11 Die sinode keur die beskrywingspunte van die Ringe van Vereeniging, Bloemfontein, Roodepoort en Beaufort-Wes in 1.2 tot 1.5 nie goed nie.

Motivering:

5.11.1 Die FK het vir die huidige finansiële jaar vir 'n tekort begroot.

5.11.2 Die FK het met verskeie kommissies in gesprek getree oor hul begrotings. Hierdie begrotings is met baie hartseer besnoei.

5.11.3 Vir die jaar 2002 word weereens vir 'n tekort begroot.

5.11.4 'n Vergelykende begroting, gebaseer op 10%, toon 'n tekort van R2,4 miljoen.

6. Ring van Middelburg: Voorstel van glyskaal aanslag op gemeentes

Formulering van beskrywingspunt

Die maandelikse verpligte bydrae van gemeentes aan die BRKA word as volg gewysig:

Gemeentes met tot 100 lidmate	5% van hulle maandelikse inkomste.
Gemeentes met tussen 101 en 200 lidmate	10% van hulle maandelikse inkomste.
Gemeentes met meer as 201 lidmate	12% van hulle maandelikse inkomste.

Motivering:

Die vaste kostes (basiese koste) van gemeentes is min of meer dieselfde of dit 'n klein of groot gemeente is, maar die inkomste van klein gemeentes is normaalweg pro-rata hulle getalle. Dit veroorsaak dat klein gemeentes sukkel om hulle basiese kostes te betaal, wat nog hulle verpligte bydrae aan die BRKA. Om te kan oorleef, om die basiese kostes te kan betaal, betaal daardie gemeentes óf nie hulle 15% bydrae nie óf kom in die versoeking om allerlei planne te bedink om die werklike inkomste kleiner te maak as wat dit werklik is.

Deur kleiner gemeentes 'n laer aanslag te gee, word hulle in staat gestel om hulle basiese kostes te dek.

Hierdie reëling sal die wesenlike inkomste van die BRKA nie veel beïnvloed nie, maar dit sal die finansiële druk op kleiner gemeentes verlig.

6.1 AANBEVELING

Die beskrywingspunt is nie ontvanklik nie.

Motivering:

Slegs 'n gedeelte van die beskrywingspunt is by die Sentrale Kerkkantoor ontvang en die beskrywingspunt is nie onderteken nie.

OULD SA VAN DER WESTHUIZEN
(Ondervoorsitter)

MNR LJ KORKIE
(Sekretaris)

KURATORIUM-VERSLAG**BYLAE KUR1**

(Bylae A genoem in verslag - pt. 5.7, Sakelys bl. 189)

SKEMA VAN VOORGESTELDE STRUKTUUR VIR DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE AS GEREGISTREERDE INSTITUUT VIR TERSIËRE ONDERWYS EN VERHOUDING MET DIE SINODE EN DIE KURATORIUM VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERKVERBAND**1. DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE****1.1 Registrasie en naam**

Die Teologiese Skool is amptelik deur die Onderwysdepartement ingevolge die Onderwyswet 1997 as 'n PRIVAAT INSTITUUT VIR TERSIËRE ONDERWYS geregistreer onder die naam AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE.

1.2 Registrasie- of Wetsvereistes

1.2.1 Die Akademie is 'n selfstandige instituut.

1.2.2 Alle briefhoofde, registrasie- en ander vorms moet verklaar dat die Akademie geregistreer is met vermelding van die registrasienommer.

1.2.3 Briefhoofde, vorms en ander dokumente moet die naam van die Akademie dra.

1.2.4 Die sertifikaat van registrasie moet opsigtelik vertoon word in die gebou van opleiding.

1.2.5 Die Akademie moet na een jaar bewys lewer van die voldoening aan wetsvereistes.

1.2.6 Finansiële state van die Akademie moet jaarliks aan die Onderwysdepartement voorgelê word.

1.3 Voorgestelde struktuur van die Akademie**1.3.1 Kanselier****1.3.1.1 Verkiesing**

Nominasies word aan die Raad voorgelê deur

- die oud-studente,
- die Raad van dosente, wat die Senaat word en
- lede van die Kuratorium, individueel of gesamentlik soos die Kuratorium besluit.

Die Raad reël die nominasietydperk, die verkiesingsprosedure (stemming) en voorsien nominasie- en stembriewe daartoe.

1.3.1.2 Stemming

Die stemgeregtigde lede is die konvokasie, wat vanweë die nog betreklik klein getal oud-studente ook die lede van die Senaat sal insluit.

By 'n eventuele staking van stemme reël die Raad 'n lotsbeslissing.

1.3.1.3 Status van Kanselier

- Voorsitter van die Raad
- Besit keurstem, met 'n beslissende stem indien nodig.

1.3.1.4 Dienstydperk

Die Kanselier word vir 'n tydperk, wat saamval met die periode van die sinode tot sinode, gekies, kyk pt. 3.1.5.

1.3.1.5 Tussentydse vakature

By afwesigheid van die Kanselier of gedurende 'n vakature neem die Vise-Kanselier waar as voorsitter van die Raad.

1.3.2 Raad

1.3.2.1 Ledetal

Die Raad bestaan uit 7 (sewe) lede; almal móét lidmate wees van plaaslike kerke in die Afrikaanse Protestantse kerkverband.

1.3.2.2 Samestelling

- Die Kuratorium benoem uit eie geledere drie (3) lede op die Raad.
- Die Sinode kies twee (2) lede en twee (2) sekundi vanuit 'n nominasielyst/groslys, wat deur die Senaat aan die Sinode voorgelê word en deur die Kuratorium aanbeveel word.
- Die Kanselier.
- Die Vise-Kanselier, dit is die Rektor, kyk pt. 3 en by sy afwesigheid sy verteenwoordiger deur die Senaat aangewys.

1.3.2.3 Vakatures

Vakatures wat mag ontstaan onder die lede deur die Kuratorium en Sinode benoem gedurende die interim (kyk pt. 3.2.4) word deur die Raad gevul vir die restantperiode vanuit die aangewese sekundi.

1.3.2.4 Dienstydpark

Die Raad word van sinode tot sinode benoem.

1.3.2.5 Status en bevoegdheid

Die Raad is die gesagsliggaam wat die beheer oor alle sake van die Akademie het en uitvoer, administratief, organisatories, akademies, finansiële ens.

1.3.3 Vise-Kanselier/Rektor

- Benoeming deur die Raad met aanbeveling deur die Senaat.
- Die Rektor is ex-officio die Vise-Kanselier.
- Is voorsitter van die Senaat.
- Is die hoof van die Akademie, verantwoordelik vir alle sake, administratief, organisatories, akademies, finansiële ens., met delegasiebevoegdheid.
- Verteenwoordig die Senaat op die Raad met keurstem.
- Neem waar as voorsitter van die Raad by ontstentenis van die kanselier.

1.3.4 Senaat

1.3.4.1 Samestelling

- Al die voltijdse dosente aan die Akademie stel die Senaat saam.
- Die Rektor is die voorsitter.

1.3.4.2 Aanstelling van dosente

- Vir B.A.-kursus (Fakulteit Lettere en Wysbegeerte) – die Raad benoem die dosente vanuit AP Kerk-geledere.
- Vir B.Th.-kursus (Fakulteit Teologie) – die dosente word deur 'n Kieskollege, bestaande uit die Raad en die Kuratorium, (sodat die skakeling met die kerkverband gehandhaaf kan

word), benoem. Die Raad en die Kuratorium benoem kandidate vir 'n vakature. Die Raad moet die benoemings bekragtig deur die aanstelling te doen.

1.3.4.3 Vasstelling van B.A.- B.Th.-kursus

Kyk pt. 4 onder "Kursus".

1.3.5 Fakulteite

1.3.5.1 Kragtens die registrasie volgens die Onderwyswet het die Akademie tans twee (2) Fakulteite te wete.

- Lettere en Wysbegeerte (B.A.)
- Teologie (B.Th., M.Th., D.Th.)

L.W. Indien besluit sou word op ander studierigtings kan dit net geïmplementeer word indien daarvoor by die Onderwysdepartement geregistreer word.

1.3.5.2 Dekane

Vir elke Fakulteit word 'n dekaan deur die Senaat uit eie geledere aangewys.

1.4 Kursusse

1.4.1 B.A.

1.4.1.1 Studietermyn

Dit is op 3 jaar vasgestel. Enige wysiginge word deur die Senaat gedoen met bekragtiging deur die Raad.

1.4.1.2 Vakke

- Die Senaat tabuleer die vakke wat aangebied word en waaruit die studente kan kies om 10 kursusse vir B.A. te voltooi.
- Die Sinode behou die reg om te besluit op verpligte vakke soos tans: Grieks II, Hebreeus II en Duits Spes. (vir studente wat nie Matriek-Duits het nie). Langs die weg word nog 'n band met die Sinode behou.
- Die Senaat en Raad moet sorg dra dat steeds voldoen word aan die vereistes deur die Onderwysdepartement gestel.

1.4.1.3 Eksaminering

- Die Senaat besluit op en hanteer die eksaminering.
- Eksterne eksaminering word nie kragtens registrasie vereis nie. Die Senaat sal intern daarvoor reël.
- Die Raad ken die graad toe op aanbeveling van die Senaat.

1.4.2 B.Th.

1.4.2.1 Studietermyn

Dit is op 3 jaar vasgestel. Enige wysiginge word deur die Senaat gedoen met bekragtiging deur die Raad.

1.4.2.2 Vakke

- Die Senaat besluit oor vakke en jaargange met inagneming van die wetsvereistes.
- Die Kuratorium kan kerklike vereistes met betrekking tot vakke aan die Senaat voorlê.
- Die Senaat sal ten opsigte van maandelike vakwysiginge ten opsigte van die huidige kurrikulum met die Kuratorium skakel.
- Indien enige verskil ten opsigte van vakwysiginge of vereistes deur die Kuratorium voorgelê mag voorkom, wat nie onderling besleg kan word nie, sal die Raad finaal beslis.

1.4.2.3 Eksaminering

Kragtens die registrasie moet onderskei word tussen akademiese eksaminering en kerklike eksaminering. (*Sagua* het eksaminering [akademies] deur die Kuratorium afgekeur).

1.4.2.3.1 Eksaminering - akademies

- Kragtens registrasie hanteer die Senaat die eksaminering.
- Eksterne eksaminering word nie kragtens registrasie vereis nie. Die Senaat sal intern daarvoor reël.
- Kuratore tree nie op as eksterne eksaminatore vir die finalejaar B.Th.-studente nie.
- Skripsies . . .

Aangesien skripsies deel is van die akademiese verpligtinge word dit net deur die studieleier beoordeel met aanwysing uit die Senaat van 'n dosent as eksterne beoordelaar.

1.4.2.3.2 Eksaminering - kerklik

- Naas die akademiese eksaminering deur die Senaat, sal die Kuratorium, soos in die verlede, ten opsigte van die finalejaarstudente (B.Th.) 'n kerklike eksaminering doen met die oog op finale keuring, legitimering en beroepbaarstelling.
- Die Senaat lê die name van die finalejaarstudente, wat aan die akademiese vereistes voldoen het, met vermelding van die uitslag aan die Kuratorium voor met die oog op die kerklike eksaminering.
- Die Senaat beveel by die Kuratorium aan vir gunstige oorweging om, naas die Akte van Legitimisasie, aan dusdanige suksesvolle kandidate 'n kerklike sertifikaat uit te reik ter bevestiging van die suksesvolle aflegging van die kerklike eksaminering.

1.4.2.3.3 M.Th.-D.Th.

Ten opsigte van verdere teologiese studie besluit die Senaat volgens wetsvereistes oor die kursusse, standaard, studiebestek, eksaminering, verhandelinge en proefskrifte volgens die algemene praktyk vir dusdanige grade aan tersiêre inrigtings.

2. ANDER VOORLEGGINGS

Die Raad van dosente, het soos reeds hierbo aangedui, die begeerte uitgespreek om, ten spyte van die selfstandigheid van die Akademie kragtens die Onderwyswet, 'n nou band en besondere verhouding met die Sinode en Kuratorium te handhaaf. Dit is die Sinode wat die Teologiese Skool gestig het as 'n plek van eie teologiese opleiding, wat dit finansiël in stand gehou het en deur die Kuratorium, as sinodale kommissie beheer het. Die Akademie wil steeds gesien word as "behorende" aan die Afrikaanse Protestantse kerkverband.

2.1 Voorleggings

2.1.1 Wapen (logo)

Die Raad van dosente (Senaat) en teologiese studente besluit op 'n wapen vir die Akademie, wat heraldies uitgeklaar en geregistreer word.

2.1.2 Geboue en Subsidie

Ten spyte daarvan dat die Akademie sy eie regspersoon moet word en jaarliks aan die Departement finansiële state moet voorlê in verband met huisvesting, inkomste en uitgawes om sy voortbestaan te bewys, beveel die Senaat aan dat die geboue, tot tyd en wyl die Departement dit sou afdwing, eiendom van die Sinode bly. Dit moet dan bepaal word dat die Sinode die Akademie subsidieer met die traktement en toelaes van die dosente en die salarispakket van die personeel, die beskikbaarstelling van die geboue, toerusting, instandhouding en lenings (Willie Lubbe Teologiese Studiefonds). Daar die Akademie nie sonder eie inkomste kan wees nie en verantwoording gedoen sal moet word ten opsigte van klasgelde, moet bepaal word dat klasgelde 'n eie inkomste is (B.A., B.Th., M.Th. en D.Th.) wat nie as sinodale subsidie

geormerk word nie en waaruit die Akademie die vergoeding van die dosente, wat B.A.-vakke aanbied, soos sedert 1998, reël asook die uitbou van die Biblioteek.

2.1.3 Biblioteek

Alhoewel die biblioteek reeds meer as 20000 publikasies en baie tydskrifte bevat, met 'n internetskakeling en steeds aangevul word, vereis die Onderwyswet dat dit aan bepaalde standaarde, volgens hulle oordeel, moet voldoen.

2.1.4 Begroting

Die Senaat en Kuratorium beveel aan dat die "Begroting" van die Akademie voortaan aan die Kuratorium voorgelê word en dat die Kuratorium dit as deel van sy "Begroting" aan die Sinode voorlê.

2.1.5 Studentekeuring

Die Senaat met instemming van die Kuratorium beveel aan dat die Kuratorium steeds betrokke moet bly by die keuring van studente en toekenning van lenings met dien verstande dat die Raad verteenwoordiging sal hê. Die Senaat sal per verslag die name van studente wat registreer hiervoor voorlê. Die Kuratorium sal ook voortgaan met studentebegeleiding, dog daadwerklik sodat dit nie net 'n plig van die Senaat sal wees nie.

2.1.6 Personeel

Die kwessie van die personeel moet gaandeweg met die BRKA uitgeklaar word en wel in samewerking met die Kuratorium daar die kwessie van selfstandigheid eie personeel vereis. By oordrag sal die Sinode die salaris ens. (kyk pt. 2.1.2) per subsidie voorsien. Uitbreiding is 'n funksie van die Raad.

2.1.7 Verslag aan Sinode

Die Senaat met instemming van die Kuratorium beveel aan dat die Akademie nie 'n selfstandige verslag aan die Sinode voorlê nie. Die Akademie sal sy verslag aan die Kuratorium voorlê vir inkorporering by sy verslag. Langs die weg sal die band met die Kuratorium en Sinode gehandhaaf bly.

2.1.8 Studente

Daar die Sentrale Kerkkantoor die Sinodale finansies hanteer, sal skakeling met die BRKA essensieel wees. Daar sal onderhandel word vir eenvormige studentennommers ens.

2.1.9 Studiegelde

B.A. – die studiegelde is tans R6000-00 p.j., wat ver benede die van die ander tersiêre institute is. Dit sal voorlopig so gehandhaaf word, weens die probleem rondom voldoende lenings.

B.Th. – die studiegelde word vanaf 1 Januarie 2001 op R4000-00 p.j. vasgestel wat nie eens 50% van die van universiteite is nie ten einde studente finansiële te help.

M.Th. en D.Th. – studiegelde is reeds op R6000-00 per graad vasgestel sodra dit geïmplementeer word.

- Dit word aanbeveel dat alle studiegelde gehanteer word as 'n eie Fonds, volgens Wetsvereiste.

